

Rassisme – ’n lidmaat se perspektief

Piet Delport



Die veelbesproke en berugte Reitz-video het waarskynlik tog iets goeds tot gevolg gehad. Dit het die meeste van ons gedwing om weer te besin oor die kwessie van rassisme in ons samelewing.

Was die samestellers van die video dan nie “ordentlike, jong, Afrikaner-Christene” nie? Was dit nie maar studentepret wat beoordeel moet word binne die parameters van student-wees waar verspotte optrede soms maar verdra en toegelaat moet word nie?

Party het dit beskou as die spreekwoordelike storm in ’n teekoppie – iets wat onnodige publisiteit geniet, wat uit verband geruk is en wat vinnig sou oorwaai.

Ander weer het gewonder hoe dit moontlik is dat, ná 14 jaar van demokrasie, daar nog Afrikaner-jongmense is wat op so ’n mens-onterende wyse met volwassenes van ’n ander rassegroep kon omgaan. Uit watter omgewing en agtergrond kom hulle?

Vir my was die kritiese vraag: Sou ek en my seuns, as ons in dieselfde omstandighede was, nie maar saamgelag het nie? Klaarblyklik het niemand in die Reitz-koshuis teen die video beswaar gemaak nie.

Rassisme in die meeste van ons teenwoordig

Volgens die HAT is rassisme “... die veronderstelling dat karakter en bekwaamheid bepaal word deur ras – ’n denkrigting wat aanvaar dat ’n besondere ras meerderwaardig is en die reg het om ander rasse te oorheers”.

Was die betrokke studente die produkte van ’n paar geïsoleerde Afrikaner-huisgesinne waar waardes totaal skeefgetrek is en respek net beskore vir geselekteerdes – huisgesinne waar rassisme, volgens bogenoemde definisie, dus hoogty vier?

Hoe langer ek aan die aangeleentheid dink, hoe meer

besef ek dat grade van rassisme dalk in ’n mindere of meerdere mate in die meeste van ons teenwoordig is, soveel so dat ons dit nie eers herken nie.

Dit manifesteer op verskeie maniere: in grappe, in e-posse en SMS’e, in stereotipes, veralgemenings, in “ons-hulle”-polarisasie, en die wyse waarop ons dikwels ’n kwas gebruik om “hulle” mee te verf.

Ek sit onlangs aan tafel in ’n geselskap waar vriende vertel van hulle Bybelstudiegroepbyeenkoms. Enkele minute later verklaar die verteller dat ’n sekere bevolkingsgroep nooit vertrou kan word nie, want hulle is inherent skelm – daarom kyk hulle jou nooit in die oë nie. Hierdie growwe algemene stelling word gemaak op grond van ’n ervaring wat die verteller onlangs gehad het. Eie fatsoenlikheid en goeie maniere maak in sulke omstandighede dikwels dat ons maar kopknikkend met die spreker saamstem en ter wille van goeie verhoudings nie verskil nie.

Ek mag myself troos met die gedagte dat ek nie ’n rassis is nie, omdat ek nie aktief aan die grappe, e-posse en SMS’e meedoen nie. Ek ondersteun immers sending in Transkei en Mosambiek en aksies onder straatkinders in Port Elizabeth. Ek gee geld vir vigswesies en vir ’n sopkombuis in ’n swart gebied. Maar hoekom stuur mense wat my ken steeds van tyd tot tyd vir my uiters rassistiese SMS’e of e-posse? Hoekom vertel ’n vriend ’n rassistiese grap vir my by die braaivleisvuur? Is ek aandadig aan die skep van “veilige ruimtes” waar dié soort goed maar kan plaasvind?

Die versoeking om rassisties te wees

In die huidige Suid-Afrika is die versoeking om rassisties te wees baie groot. Ons ondervind erge frustrasie as gevolg van misdaad, korrupsie, plaasmoorde, onbevoegdheid, regstellende aksie, kwotas in sport, leiersfigure wat karikature word, nepotisme, soustreine, Zimbabwe, ineenstorting van staatsadministrasie, Eskom ... die lys hou nie op nie. Ons voel dat hulle wat verantwoordelik is vir al dié negatiewe faktore, gerus maar bygekom kan word.

Die “hulle” is gewoonlik van ’n ander ras. Die k- en h-woord steek ál hoe meer kop uit – so half asof dit geregverdig is om weer dié woorde te gebruik. In die proses word rassisme konstant gestook.

Rassisme van die een kant van die spektrum word vanaf die ander kant met verdere rassisme beantwoord. Op die ou end word rassiepolarisasie net eenvoudig groter.

Is die Reitz-studente se optrede nie maar net 'n aaklige manifestasie van wat onder die oppervlak by baie van ons teenwoordig is nie?

Erken rassisme en doen iets daaraan

As Christen mag ek rassisme nooit as blote sosiale verskynsel binne die Suid-Afrikaanse konteks aanvaar nie. Dit móét beveg word, want dit druis in teen die liefdesgebod, die kern van dit waarin ons glo.

Eerlike selfondersoek is noodsaaklik. 'n Handige meganisme is om jou kinders se houding teenoor ander rasse te ontleed. Ons kinders erf mos gewoonlik ons eie swakhede en foute. As die lelike tekens van rassisme wel daar is, moet ons dit erken en die verskynsel bespreek.

Ons moet onself en mekaar sensitief maak. Ons moet

- onself afvra wat Christus sou gesê en gedoen het;
- 'n besluit neem om hierdie simptome – die grappe, die e-posse, die skeldwoorde, die stereotipering, af te lê;
- eerlik raak met mekaar;
- die “veilige ruimtes” wat ons mekaar gee om rassisties te wees, onveilig maak;
- die waardigheid en menswaardigheid van hulle wat anders as ons is en lyk, herontdek en dit by onself en ons kinders inskerp;
- ons kognitief daarop toelê om respek teen ander mense uit te leef. Dit help nie om verskoning te vra vir foute van die verlede nie, maar in ons hart koester ons steeds die gruwel nie;
- ophou verklaar dat iemand ons respek en goeie gesindheid eers moet verdien; en
- ophou met 'n “ja, maar...”-gesindheid en -houding.

Die Bybelse opdrag vir ons as Christene is om die liefde wat Christus vir ons gehad het in die wêreld te gaan leef - dié liefde wat gemaak het dat, toe ons nog sonde was, Hy die versoening bewerk het deur die hoogste prys te betaal. Dit is 'n liefde wat nie voorwaardes stel nie.



Onderskei tussen noodsaaklike regstelling en nuwe onreg

Maar wat van al die negatiewe elemente wat ons frustrasies daagliks voed? Beteken dit ons moet maar omrol en lê en wag met 'n slagoffermentaliteit? Moet ons maar steeds die ander wang draai?

Hier moet die kerk vir ons leiding gee – leiding om te onderskei tussen dit wat regstelling van ou ongelykhede en wanbalanse is, en dit wat nuwe vorms van onreg verteenwoordig. Onreg moet ons vreesloos en doelgerig aanpak, sonder om dit aan die kapstok van rassisme te hang. Ons moet dit egter steeds doen met 'n fokus op die onderliggende morele waardes.

Reik uit oor rasgrense

Ons moet weer definieer wie ons naaste is. Nog beter, ons moet definieer vir wie óns naastes kan wees. Ons moet inhoud gee aan die begrip naasteliefde. Ons moet bereid wees om ons gemaksones te verlaat en mekaar as mede-landsburgers te leer ken sodat ons enige stereotipering

As Christen mag ek rassisme nooit as blote sosiale verskynsel binne die Suid-Afrikaanse konteks aanvaar nie. Dit móét beveg word, want dit druis in teen die liefdesgebod, die kern van dit waarin ons glo. Eerlike selfondersoek is noodsaaklik. 'n Handige meganisme is om jou kinders se houding teenoor ander rasse te ontleed. Ons kinders erf mos gewoonlik ons eie swakhede en foute. As die lelike tekens van rassisme wel daar is, moet ons dit erken en die verskynsel bespreek.

en vooroordele kan herken en afbreek.

Hoeveel van ons het wêrelik vriende van ander rasse? Hoe dikwels kuier ons saam, nie ter wille van pretensie of finansiële voordeel nie, maar om mekaar beter te leer ken en te verneem wat die stereotipes is wat ander oor my en my ras saamdra?

Die kerk bied die ideale ruimte vir toenadering en versoening tussen verskillende groepe, omdat dit juis ons diepste geloofsoortuiging is wat in die kerk die gemeenskaplike faktor is. Maar dan moet die kerk bereid wees om radikaal nuut te dink en leiding te gee oor hoe om die sout vir hierdie wêreld te wees.

Christus het destyds die kerk van sy tyd op radikale wyse geskud om die waarheid van die geloof te herontdek. Indien Hy vandag onder ons sou leef – hoe sou Hy reageer op 'n kerk wat so sukkel om te herenig en wat soveel verzet teenoor die aanvaarding van die Belydenis van Belhar herberg?

Ek wonder maar net ...

- Piet Delpont is 'n prokureur in Port Elizabeth, 'n kerkraadslid van die NG Kerk Newton Park, en 'n pa van drie studenteseuns, wat, in sy eie woorde, “worstel met die ‘issues’ van die dag”.